NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 8 bladsye (i–viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig.

3. Al die vrae moet beantwoord word.

4. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - visuelebronontleding
   - tekstuelebronontleding
   - huidigemedia-ontleding/huidigeteksontleding

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - 'n brongebaseerde opstel wat die Bronmateriaalboekie gebruik

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Trek 'n 2 cm-regterkantlyn. MOENIE daarin skryf nie.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

9. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

10. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELEBRONONTLEDING

Hierdie is 'n foto wat in 1988 in *The Militant*, 'n sosialistiese koerant, verskyn het, van vertrekkende Kubaanse internasionalistiese vrywilligers wat Angolese vegters groet nadat hulle Angola se MPLA-regering gehelp het om homself teen S.A. en UNITA-aanvalle te verdedig.



[Beskikbaar by [AANLYN]: <https://themilitant.com/2020/02/08/fidels-leadership-was-decisive-in-defending-angola-independence/> (Verkry 24 Maart 2021)]

1.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom Kuba by Angola betrokke geraak het. Skryf TWEE punte neer. (4)

1.2 Beskryf die atmosfeer in die foto. Verwys na TWEE visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (6)

1.3 Watter "Angolese vegters" sou die soldate op die oewer van die rivier waarskynlik wees? (2)

1.4 Hoe kon die Angolese regering hierdie foto moontlik as 'n propagandastuk gebruik het? Gee EEN omvattende punt. (2)

1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie foto vir historici wat die Angolese Burgeroorlog bestudeer. Verskaf DRIE punte. (6)

[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 TEKSTUELEBRONONTLEDING

Die volgende uittreksel is in 2014 gepubliseer in die *Imperial & Global Forum*, die blog van die Sentrum vir Imperiale en Globale Geskiedenis by die Geskiedenis-departement, Universiteit van Exeter. Dit verwys na die Anti-Apartheidsbeweging (AAB) in Brittanje

Die Britse Anti-Apartheidsbeweging (AAB) het in 1959 ontstaan as 'n klein groepie Suid-Afrikaanse ballinge en ander Afrika-studente in Londen wat 'n boikot van Suid-Afrikaanse goedere bevorder het … Sy doelwitte is spoedig geïdentifiseer: "Om die Britte oor apartheid in te lig ... ; om 'n veldtog te voer vir internasionale optrede om die apartheidstelsel te help beëindig, [en] om met Suid-Afrikaanse organisasies wat 'n veldtog teen apartheid voer, saam te werk en hulle te ondersteun."

In die praktyk is baie energie daaraan bestee om opeenvolgende Britse regerings te probeer oorreed om hul beleid rakende Suid-Afrika te verander. Dit het jare lank baie min sukses behaal ... Eerstens het Britse sakeondernemings groot beleggings in Suid-Afrika gehad en die tweerigtinghandel tussen die twee lande is vir albei as noodsaaklik beskou. (Vir 'n lang tyd het selfs die Britse vakbondbeweging hierdie siening ondersteun uit vrees vir werkverliese as hierdie handel deur sanksies bedreig word.) Tweedens is Suid-Afrika tydens die Koue Oorlog as 'n belangrike militêre buitepos van die Westerse anti-Sowjet-alliansie beskou, veral as afskrikmiddel* vir die uitbreiding van die Sowjet-vloot in die Indiese Oseaan.

… Uiteindelik was die veldtog om ekonomiese samewerking met en investering in Suid-Afrika te ontmoedig, waarskynlik die belangrikste en invloedrykste van al AAB se veldtogte. Dit het lande wêreldwyd uiteindelik ontmoedig om in Suid-Afrika te belê of geld aan Suid-Afrika te leen en dit was die grootste eksterne mag wat bygedra het tot die val van die apartheidsregime.

… AAB het in 'n mate probleme ondervind om tred te hou met, of in te stem tot, sommige kompromieë wat die ANC verplig gevoel het om in die laaste jare van die stryd aan te gaan … AAB het sowat vyf-en-dertig jaar lank 'n veelvuldige* plaaslike en nasionale veldtog teen apartheid gevoer … Nie al hierdie, en vele ander AAB-aktiwiteite, was volslae suksesse nie …

[Aangepas en beskikbaar AANLYN: <https://imperialglobalexeter.com/2014/01/27/the-british-anti-apartheid-movement-a-brief-history/> (Verkry 26 Maart 2021)]

*afskrikmiddel – iets wat iemand ontmoedig of bedoel is om te ontmoedig om iets te doen
*veelvuldig – baie en veelvoudige soorte

2.1 Gebruik die bron en lys DRIE doelwitte van die Britse Anti-Apartheids-beweging. (6)

2.2 Verskaf in jou eie woorde TWEE redes uit die bron wat verduidelik waarom die Britse regering voortgegaan het om die Suid-Afrikaanse regering te ondersteun, ten spyte van druk om dit nie te doen nie. (4)

2.3 Hoe suksesvol was die AAB, volgens die bron? Verskaf TWEE aanhalings om jou antwoord te staaf. (6)

2.4 Gebruik jou eie kennis en noem TWEE soorte boikotte wat die AAB wou hê om druk op die Suid-Afrikaanse regering uit te oefen om te verander. (4)

[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 HUIDIGEMEDIA-ONTLEDING

Hierdie is 'n uittreksel geskryf deur Elliott Smith ('n nasionale sosiale-geregtigheidsorganiseerder vir *Repairers of the Breach and the Poor People's Campaign: A National Call for Moral Revival*), wat op 7 Maart 2021 in *The Guardian*-koerant verskyn het.

Met die herdenking van Selma word ons ongelukkig daaraan herinner: stemreg word steeds bedreig

… Op 7 Maart 1965 het die nasie een van die ikoniesste beelde wat sinoniem* met die stryd om stemreg en gelykheid was, aanvaar. Amelia Boynton, 'n matriarg* van die burgerregtebeweging [en] hoofstrateeg van die Selma Stemregveldtog, ... saam met die ontslape kongreslid John Lewis en vele ander, het 'n 52 myl-opmars vanaf Selma, Alabama, na die Staatshoofstad in Montgomery gehou, om teen die moord op die stemregaktivis, Jimmie Lee Jackson, aan die hand van wetstoepassers te betoog en om die stryd om stemreg te dramatiseer. **(Paragraaf 1)**

… Tydens hierdie herdenking, laat ons nie net ons voorouers eer deur blote nadenke en gedagtes nie, maar laat ons voortgaan om druk op ons wetgewers toe te pas om in volle demokrasie te belê wat … 'n nuwe Wet op Stemreg vereis … my groottante Amelia het ernstig vertel van daardie dag, wat bekend geword het as Bloedige Sondag, toe sy en ander vreedsame betogers die slagoffers van traangas en geweld geword het ... Bloedige Sondag sou een van die grootste opstande vir vryheid en bevryding in die moderne tyd inlui ... Maar, terwyl ek terugkyk na die geskiedenis en nadink oor onlangse gebeure, kan ek nie help om te wonder nie: Watter vordering het ons as 'n samelewing werklik gemaak om ons fundamentele reg om te stem, te beskerm en uit te brei? **(Paragraaf 2)**

Die poging tot 'n staatsgreep op 6 Januarie 2021 by die Amerikaanse Capitol*, gevolg deur die vryspraak* van 'n staat van beskuldiging van Donald Trump deur Republikeinse senatore, was 'n aanslag op ons demokrasie in reële tyd. Aangevuur deur Trump se sameswerings-teorieë en bygestaan en aangemoedig deur baie van sy bemagtigers, het die vals bewerings van verkiesingsbedrog daardie dag tot geweld en dood gelei. Selfs meer kommerwekkend is diegene wat aan bewind is wat steeds die vals sameswering van kiesersbedrog en verkiesingsonreëlmatighede aandryf as 'n dekmantel vir wydverspreide kiesersonderdrukkingstaktieke. Volgens die Brennan Sentrum vir Geregtigheid was daar 253 wetsontwerpe wat sedert die begin van 2021 in 43 state ingestel is om uitgebreide stemgeleenthede te beperk … **(Paragraaf 3)**

… ons is baie duidelik in ons eise om stemreg en burgerregte te beskerm en uit te brei. My groottante … het geweet dat verandering slegs plaasvind wanneer mense wat deur rassisme geraak word in 'n beweging verenig en die status quo* dwing om te verander … Dit moet 'n beweging wees wat gelei word deur diegene wat geraak word, oor geografie, etnisiteit, ras en geloof heen, om ons demokrasie te herstel en aan te dring op die aanvaarding van 'n nuwe, mylpaal-stemregwet, sodat ons nasie nie dieselfde stryd hoef te voer as wat my groottante, ander en nou ekself aanhou voer nie. **(Paragraaf 4)**

[Aangepas van Elliott Smith.2021. *The Guardian: On the anniversary of Selma we are sadly reminded: voting rights are still imperilled.* [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.theguardian.com/commentisfree/2021/mar/07/amelia-boynton-selma-anniversary-voting-rights> (Verkry 24 Maart 2021)]

IEB Copyright © 2022

*sinoniem –nou geassosieer met iets
*matriarg – 'n ouer vrou wat magtig is binne 'n gesin of organisasie
*Capitol – die setel van die Amerikaanse kongres in Washington DC
*vryspraak – 'n vonnis of uitspraak dat 'n persoon nie skuldig is aan die misdaad waarvoor hulle aangekla is nie
*status quo – die huidige stand van sake

3.1 Gebruik die bron om die doel van die opmars in Maart 1965 vanaf Selma na Montgomery te verduidelik (paragraaf 1). Skryf TWEE punte neer. (4)

3.2 3.2.1 Gebruik jou eie kennis om te beskryf wat die Stemregwet van 1965 ten opsigte van stemreg bepaal het. Skryf DRIE punte neer. (6)

3.2.2 Watter ikoniese burgerregtewet is in 1964 aanvaar, die jaar voor bogenoemde wet deurgevoer is? (2)

3.3 3.3.1 Verduidelik die verband wat in hierdie artikel getref word tussen die optog vanaf Selma en huidige kwessies in die VSA rakende stemreg. (2)

3.3.2 Verskaf DRIE bewyse uit paragraaf 3 wat die verband waarna in Vraag 3.3.1 verwys word, ondersteun. (6)
[20]

60 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord die vrae wat volg.

Verwys na Bron A

4. Verduidelik waarom die Swart Mag-beweging 'n "keerpunt" in swart-wit verhoudings beteken het. (2)

5. Die skrywer beweer dat swartes die middele gehad het om hul sosiale en ekonomiese posisie in die samelewing te verander. Verskaf EEN aanhaling uit paragraaf 1 wat aantoon hoe dit gedoen kon word. (2)

6. Hoe het die Swart Mag-beweging 'n gevoel van trots op erfenis deur kuns en kultuur bevorder? Skryf DRIE punte. (6)

7. Gebruik die bron en verduidelik TWEE maniere waarop die Swart Mag-beweging die stryd vir rassegelykheid belemmer het, volgens die skrywer. (4)

Verwys na Bron B

8. 8.1 Hoe prominent was vroue in die Swart Mag-beweging? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf. (6)

   8.2 Hoe het die Swart Mag-beweging onderwys gebruik om gelykheid te bevorder? (2)

Verwys na Bron B en Bron C

9. Hoe bevestig die foto (Bron C) die stellings wat in Bron B gemaak word oor die gemeenskapswerk wat die Panthers gedoen het? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne. (4)

10 Verskaf 'n opskrif vir hierdie foto as dit in 'n Black Panther-koerant sou verskyn. (2)

Verwys na Bron D

11. 11.1 Wie was Malcolm X? Gebruik jou eie kennis. (4)

    11.2 Het die Nasie van Islam 'n positiewe impak op swart Amerikaners en burgerregtegroepe gehad? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf. (6)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron E

12. Gebruik Bron E om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)

    12.1 Is hierdie plakkaat 'n primêre of sekondêre bron? (2)

    12.2 Waarna verwys die woord "varke" in die byskrif? (2)

    12.3 Hoe kon Swart Mag-ondersteuners hierdie plakkaat beskou het? (2)

    12.4 Hoe kon konserwatiewe wit Amerikaners hierdie plakkaat beskou het? (2)

    12.5 Noem EEN voordeel van die gebruik van plakkate om jou siening te bevorder. (2)

Verwys na Bron F and Bron H

13. Soek 'n historiese konsep in Bron F of Bron H wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)

    13.1 Die doelbewuste doodmaak van 'n groot groep mense, veral dié van 'n bepaalde nasie of etniese groep, met die doel om daardie nasie of groep te vernietig. (2)

    13.2 'n Groep of persoon wat wrede of onregverdige behandeling van ander beoefen. (2)

    13.3 'n Gedwonge omverwerping van 'n regering of sosiale orde, ten gunste van 'n nuwe stelsel. (2)

    13.4 'n Deel van 'n stad, veral 'n digbevolkte krotbuurt, wat hoofsaaklik deur lede van 'n etniese of ander minderheidsgroep bewoon word. (2)

    13.5 'n Openbare verklaring van beleid en doelwitte deur 'n politieke party. (2)

14. Verduidelik wat Huey Newton oor die doel van die oorlewingsprogramme in hierdie uittreksel sê. Verskaf DRIE punte. (6)

Verwys na Bron G

15. 15.1 Gebruik die bron en verduidelik hoe die Swart Mag-beweging 'n negatiewe impak op die stryd om burgerregte in die VSA gehad het. Gee TWEE punte en verskaf EEN aanhaling om ELKE punt te ondersteun. (8)

    15.2 Die bron beweer dat Dr. Martin Luther King Swart Mag sterk sou teëstaan.

    Gebruik jou eie kennis om EEN woord of frase te verskaf wat Dr. King se benadering wat tydens sy veldtogte gebruik is om burgerregte in die VSA te verkry, opsom. (2)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron H

16. 16.1 Hoe betroubaar is hierdie bron vir 'n historikus wat die impak van die Swart Mag-beweging navors? (6)

16.2 Gebruik Bron H sowel as jou eie kennis om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)

16.2.1 Kapitalisme verwys na 'n ekonomiese stelsel waar die staat volkome beheer oor produksie en verspreiding van goedere en dienste het. (2)

16.2.2 Bron H erken die positiewe impak van die Panthers. (2)

16.2.3 Panther-leiers was by onwettige bedrywighede betrokke. (2)

16.2.4 Malcolm X word gekrediteer dat hy die term "Swart Mag" eerste gebruik het. (2)

16.2.5 Die FBI se teen-intelligensieprogram (COINTELPRO) was deels verantwoordelik vir die agteruitgang van die Black Panther Party. (2)

90 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 17

Gebruik Bron A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate kan die impak van die Swart Mag-beweging as positief beskou word?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument te konstrueer en onthou om die bronne se letters as verwysings te gebruik.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2022